## Die Fondasie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
**terblanche1@telkomsa.net**

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan: dksmith1000@gmail.com**

ACIM: Stad 29/4 en Kolping 17/4
Bejaardesorg: Larél — 071.493.07.10
Geskiedenis van die Bybel: Mei 2019

**Boekgroep**
**Maandag: 6 Mei 2019**
ecs@telkomsa.net
**Marseille 15, Pinehurst**

➢ **registrasies.neospektrum@gmail.com**

BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________

E-Mail______________________ Sel______________

ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel, uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**Maak vir ons 'n Maandelikse Bydrae asseblief**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vir elke bydrae sê ons*
***DANKIE!***

SnapScan
Download APP vir jou foon.

Installeer en gebruik met veiligheid.



# Neo-Spektrum
## 21 April 2019
## DOOD EN OPSTANDING
## — TRANSFORMASIE —

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Sacrifice — Lisa Gerrard ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

"The resurrection is the denial of death,
being the assertion of life.
Thus is all the thinking of the world reversed entirely.
Love is no longer feared, but gladly welcomed.
Idols have disappeared, and the remembrance of God
shines unimpeded across the world.
Christ's face is seen in every living thing,
and nothing is held in darkness,
apart from the light of forgiveness.
There is no sorrow still upon the earth.
The joy of Heaven has come upon it."

— ACIM, Manual for Teachers (28)

## STILTE VAN BINNE

# DIE KRUISIGING: WAAR LEWE, DOOD OORWIN

**DIE KRUIS — tussen die twee rowers: 'skuldgevoelens' en 'vrees'**

Die simbool van triomf oor die basiese instink wat gaan oor sekuriteit, veiligheid, en oorlewing. Dis 'n simbool waarin ons God se teenwoordigheid sien in die lewe van 'n mens. 'n Teenwoordigheid so allesomvattend en allesinsluitend dat die gebeure van Jesus se (wrede) dood 'n simbool word van lewe. Dit is nie 'n 'lewe' wat gekoppel is aan ons biologie; nie geboei is aan vorm, definisie, en dimensies nie; maar bevry om ten volle mens te wees! Ons sien God in Christus die oomblik as hy sy lewe oorgee ... *in the moment of his surrender* ... **where I see my Self.**

***"My God, my God, waarom het U my verlaat?!"*** — in Matteus en Markus

*"Vader vergewe hulle want hul weet nie wat hulle doen nie"; "Vandag sal jy saam my in die paradys wees";* ***"Vader in U hande gee ek my Gees oor!"*** — in Lukas

*"Vrou, kyk dit is jou seun. Seun, kyk dis is jou moeder."; "Ek het dors";* en Jesus se sterwendwoorde, ***"Dit is volbring!"*** — in Johannes

***"Hierdie man is waarlik die Seun van God!"*** — Romeinse soldaat in Matteus en Markus ... ***"Hierdie man is werklik onskuldig!"*** — Romeinse soldaat in Lukas

==================================================================

# OPSTANDING: WAAR LEWE ALTYD TRIOMFEER

**DIE GRAF — die simbool van transformasie en wedergeboorte**

Die 'opstanding van Jesus' gaan oor ALLES behalwe die liggaamlike — wat sóveel meer te sê het oor die oorwinning oor ons drang om oorlewing! Dit gaan ten diepste oor die opwekking uit die dood van ons ego-denke en die verlossing van ons vrese en skuldgevoelens. Die oproep ons op om ons menslikheid te verbreed en te verdiep verby ons beperkinge. Die kruis red ons van die leuen dat ons nie 'genoeg' is en 'genoeg' het nie en as 'arme sondaars' nie hoef te smeek en bedel vir God se liefde as Jesus sê, ***"God is liefde en die liefde van God is GENOEG!"***

*Our struggle to survive has killed our humanity. We are much more than our survival-needs for security. In Jesus our humanity and divinity are not separated, and the cross is the place where the 'new spectrum' meet. It is, and will always be about,* **"I came to give you life, and life in abundance!"** (John 10:10)

*The Resurrection will always be about the* ***MANIFESTATION*** *of this life and not the* ***RESUSCITATION*** *of a physical body. The* ***ANASTASES*** *of Jesus calls us into a new life — 'rebirth' as a 'remind' who we are ... a restoration to our true identity*



# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ GLORIA IN EXCELSIS DEO — SOLI DEO GLORIA ~

---

## Brood is die Eenheid met Mekaar
## Wyn is die Eenheid tussen God en my

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*Geloof is die begin van liefde*
*Liefde is die begin van vergiffenis,*
*Vergiffenis is die begin van verandering,*
*Verandering is die begin van heiligmaking*
*En Heiligmaking is die begin van*
*'n mistieke eenheid met die Lewende God.*

*Mag die Lig van Sy liefde in jou lewe skyn,*
*Mag die Lig van Sy liefde elke dag met jou wees,*
*Mag die Lig van Sy liefde jou herinner dat jy één is met God*
*Mag die Lig van Sy liefde vir jou die hoop gee van 'n groter prentjie*
*Mag die Lig van Sy liefde vir jou 'n nuwe seisoen laat aanbreek*
*Mag die Lig van Sy liefde aan jou die vlerke van Heilige engele gee*
*Mag die Lig van Sy liefde jou en jou huis seën*

---

## Be the Awareness of the Presence of God

~ THE LORD'S PRAYER — ANDREA BOCELLI ~